Publication: BURGER (Oos Kaap), Saterdag By
Date: 2015-08-22
Page: 4 -- Part 1 of 2

Die skip St Helena in James Bay is in 1990 in Skotland voltooi en nog ver van afgerem. **Foto's: HENNIE HUGO**

# Besoek St. Helena

Die eiland St. Helena is 'n besoek werd, skryf **HENNIE HUGO**, veral wanneer die lughawe aanstaande jaar klaar sal wees.

Hennie Hugo

As jy die naam St. Helena sê, moet jy vinnig "eiland" byvoeg, anders is mense geneig om jou sin vir jou met "baai" te voltooi.

Dié eiland, ongeveer 3 000 km van Suid-Afrika in die Suid-Atlantiese Oseaan, word deur baie beskou as een van die mees afgeleë plekke ter wêreld.

Dit is 'n eiland van vulkaniese oorsprong, ongeveer 16 km x 8 km groot (128 km²) met wisselende topografie en plantegroei.

Die lughawe-eindpuntgebou verlede jaar in aanbou.

Dele van die eiland is lowergroen met baie bome en graslande, terwyl ander dele dor en rotsagtig is – ongelooflik kontrasterend.

Die vervoermiddel na St. Helena is die gelyknamige skip, die Royal Mail Ship (RMS) St Helena.

Die lughawe wat tans gebou

Jacob's Ladder

word, word volgens plan vroeg aanstaande jaar geopen, wat toegang en toerisme sal bevorder.

Die skip – heel moontlik die laaste nog varende een van hierdie tipe, wat hoofsaaklik vrag vervoer – het kajuite vir min of meer 130 passasiers.

Die RMS St Helena is in 1990 in Skotland voltooi. Alhoewel

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*